SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2018

# EKONOMIE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 B ✓✓ 1 500

1.1.2 A ✓✓ veranderlike koste te deel deur die aantal eenhede geproduseer.

1.1.3 C ✓✓ in dieselfde rigting beweeg as prys

1.1.4 D ✓✓ koers van ontwikkeling

1.1.5 A ✓✓ totale bevrediging verkry deur alle nut bymekaar te tel

1.1.6 A ✓✓ wanneer toegelaat word dat landbou-afloop lei tot die uitroei en doodmaak van vis stroomaf

1.1.7 D ✓✓ volhoubare bestuur aan te moedig en woude te ontwikkel en te beskerm

1.1.8 B ✓✓ subsidiëring van produsente om meer vir uitvoer te produseer

(8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 H ✓ vind plaas wanneer ’n besigheid se kostes sy inkome oorskry

1.2.2 E ✓ hindernisse beskerm hulle teen mededinging van ander besighede

1.2.3 A ✓ vind plaas wanneer ekonomieë besluit om saam te werk

1.2.4 F ✓ meet die reaksie van vraag tot die verandering in inkome

1.2.5 B ✓ ’n buitelandse maatskappy investeer in besighede in ander lande se fisiese bates

1.2.6 G ✓ uitbuiting van natuurlike hulpbronne sonder om die ekologiese balans in ’n gebied te versteur

1.2.7 C ✓ paar groot verkopers oorheers die mark

1.2.8 J ✓ mense gee om vir flora en fauna indien hulle die regte gegee word om dit te besit (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Skaalvoordele ✓

1.3.2 Monopolistiese kompetisie ✓

1.3.3 Armoedestrik ✓

1.3.4 Korttermyn ✓

1.3.5 Besoedeling ✓

1.3.6 Gini-koëffisiënt (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 **Noem TWEE voorbeelde van vaste koste.**

Huur ✓
Lone en salarisse ✓
(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Wat sal ’n produsent aanmoedig om voort te gaan om sy produksie te laat toeneem?**

Besighede sal wil produseer waar die addisionele inkome wat hul ontvang vir elke eenheid, gelyk is aan die addisionele produksiekoste van die eenheid ✓✓ (2)

2.2 **Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

2.2.1 **Wat is die impak op die prys en hoeveelheid deur die skuif van die aanbodkurwe van AA na $A_1A_1$?**

Styging in prys van petrol ✓ en ’n daling in hoeveelheid gevra ✓ (2)

2.2.2 **Verduidelik die frase *omgekeerde verhouding*.**


Soos een veranderlike daal, styg die ander ✓✓ (2)

2.2.3 **Wat kan die oorsaak wees van ’n skuif van die aanbodkurwe van AA na $A_1A_1$?**

- Globale resessie ✓✓
- Styging in die prys van steenkool ✓✓
- Depresiasie van die geldeenheid ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (2)

2.2.4 **Teken die grafiek van die komplementêre produk (vir petrol) en toon aan wat die reaksie sal wees.**




(4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Noem enige TWEE kenmerke van 'n oligopolie volgens die uittreksel.**

- Produkte is soortgelyk en word verkoop deur 'n paar vervaardigers ✓
- Produkte het handelsmerke a.g.v. uitsonderlike mededinging ✓
- Hindernisse tot toetrede ✓ (2 x 1) (2)

2.3.2 **Verduidelik die begrip *toegangshindernis*.**
Dit is nie maklik om tot die mark toe of uit te tree nie, 'n hindernis wat verhoed dat nuwe besighede die mark toetree ✓✓ (2)

2.3.3 **Waarom vind samespanning tussen maatskappye plaas?**

- Hulle span saam met mekaar ten einde winste te maksimeer ✓✓
- Om toetrede tot die mark te beperk ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.3.4 **Hoe help handelsmerke om 'n maatskappy te bedryf in 'n oligopolie-markstruktuur?**
Help om:

- 'n Produk te onderskei van sy mededingende handelsmerke ✓✓
- Handelsmerklojaliteit te bevorder ✓✓
- Klante te lok ✓✓

(Aanvaar enige korrekte alternatiewe antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek *aard van die produk* en *toetrede,* as kenmerke van 'n volmaakte mark, kortliks.**

**Aard van die produk:**


- Die produk is homogeen ✓✓
- Dit is in alle opsigte identies, daar is geen handelsmerke nie ✓✓ (2 x 2)

**Toetrede:**

- Toe- en uittrede is gratis ✓✓
- Daar is geen hindernisse tot toetrede nie ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)
(Maksimum van 4 punte indien slegs genoem) (8)

2.5 **Verduidelik, met die hulp van grafieke, hoe 'n toename in vraag na 'n produk, die faktormark kan beïnvloed.**




Puntetoekenning – Maksimum 4 punte
Toename in vraag in beide markte = 2 punte
Aanduiding van toename in prys = 1 punt
Aanduiding van die effek van produktemark na faktormark = 1 punt

Wanneer die vraag na 'n sekere produk in die produktemark toeneem, beïnvloed dit die vraag na 'n natuurlike hulpbron wat die produk vervaardig. ✓✓

Die vraag na die produk vermeerder van VV na $V_1$ $V_1$ . Dit sal lei tot 'n toename in vraag in die faktormark van VV na $V_1$ $V_{1.}$ ✓✓

Dit sal lei tot die toename in prys.

Byvoorbeeld, die styging in die vraag na klere ✓ sal lei tot 'n styging in die vraag na katoen of sy, wat natuurlike hulpbronne is ✓ vir die produksie van klere.
(Aanvaar enige korrekte relevante interpretasie) (8)
**[40]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE aspekte wat die vlak van ontwikkeling in 'n land aandui.**

- Ekonomiese aktiwiteit / Groei ✓
- Vlakke van indiensname ✓
- Vlakke van armoede ✓
- Gesondheidsorg en lewensverwagting ✓
- Vlakke van onderwys ✓
- Sosiale organisasie ✓
- Veiligheid en sekuriteit insluitende misdaadvlakke ✓
- Bestuur en politieke stabiliteit ✓

(Enige twee korrekte toepaslike antwoorde) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is dit vir ons belangrik om die omgewing te onderhou?**
Die omgewing is 'n ekostelsel waarvan die gemeenskap en die ekonomie afhanklik is. Indien dit nie onderhou word nie, sal die gemeenskap nie oorleef nie en die ekonomie sal nie floreer nie ✓✓
(Enige korrekte toepaslike antwoord) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Watter ekonomiese begrip kan geassosieer word met die frase 'Die aarde is rond, ons sal daar uitkom'?**
Globalisasie ✓ (1)

3.2.2 **Waarvoor staan die afkorting WHO?**
Wêreld Handelsorganisasie ✓ (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks die begrip *vryhandel*.**
Dit is die afskaffing of vermindering van handelstariewe soos invoerkwotas en doeanebelasting ✓✓ (2)

3.2.4 **Verduidelik die verhouding tussen vergelykende voordeel en vryhandel.**
Vryhandel lei tot spesialisasie: 'n land sal fokus op die produkte wat hulle teen die laagste koste kan produseer, in vergelyking met ander lande ✓✓
(Aanvaar enige ande korrekte relevante response) (2)

3.2.5 **Watter voordeel sal lande trek uit die gebruik van 'n vryhandelsbeleid?**

- Verhoog toegang tot beter kwaliteit en goedere met laer pryse ✓✓
- Verhoog ekonomiese groei ✓✓
- Verbeter doeltreffendheid en innovasie ✓✓
- Bevorder mededinging en regverdigheid ✓✓

(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoord) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer enige TWEE maniere, uit die uittreksel, hoe om die omgewing te beskerm.**

- Verminder die hoeveelheid water wat jy gebruik ✓
- Bespaar op brandstof ✓
- Verminder die gebruik van elektrisiteit ✓
- Verhoed dat items op stortingsterreine beland ✓
- Bespaar op natuurlike hulpbronne ✓ (2 x 1) (2)

3.3.2 **Beskryf kortliks die begrip *ekosisteem*.**
Dit is ’n plaaslike groep interafhanklike organismes tesame met die omgewing waar hulle hul bevind en waarvan hulle afhanklik is ✓✓ (2)

3.3.3 **Verduidelik prysbeleid as ’n metode om die omgewing te beskerm.**

- Dit is om die prys van nie-hernieubare hulpbronne te verhoog, veral vir mense wat dit ondoeltreffend aanwend ✓✓
- Wanneer aanbod beperk is en vraag neem steeds toe, sal die ewewigsprys toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

3.3.4 **Waarkom is dit belangrik vir mense om die omgewing te beskerm?**

- Die ekostelsels waarbinne ons lewe, voorsien dienste vir mense en alle ander spesies ✓✓
- Ons woude verwyder koolstofdioksied en ander besoedelingstowwe uit die lug wat ons inasem en dit koel ook die lug se temperatuur af ✓✓
- Ons vleilande bewaar stormwater ✓✓
- Omgewing ondersteun lewe ✓✓
- As die omgewing beskerm word, is ons verseker van beter gesondheid, voedsel ens. kwaliteit lug ✓✓

(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoord) (4)

3.4 **Verduidelik *veranderinge in indiensnemingsvoorwaardes* en *veranderinge in kultuur* as gevolge van globalisasie.**

**Veranderinge in indiensnemingsvoorwaardes:**

- Globalisasie veroorsaak dat MNO’s BDI’s maak in besighede in ontwikkelende lande en dit skep werksgeleenthede ✓✓
- BDI’s verskaf lonende werksgeleenthede ✓✓
- Dit het gelei tot werksverlies in ontwikkelde lande (2 x 2)

**Veranderinge in kultuur:**

- Daar is ’n toename in die begeerte om buitelandse idees te gebruik ✓✓
- Globalisasie het gelei tot verskeie kulture wat saamgevoeg word ✓✓
- Mense van een kultuur ontdek tekortkominge in hulle kultuur wanneer hulle in kontak kom met ander kulture ✓✓
- Hulle pas aspekte van ander kulture aan wat meer in lyn is met die tye ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (8)

3.5 **Waarom dink jy dat dit belangrik is vir die ekonomie en die omgewing om na woude om te sien?**

**Daar moet na woude omgesien word omdat**:

- Menslike wesens afhanklik is daarvan ✓✓
- Dit suurstof genereer of die lug wat ons inasem ✓ ✓
- Dit in die produksie van meubels, boeke en alle ander houtprodukte word gebruik ✓✓
- Dit habitatte vir diere verskaf ✓✓
- Dit beskerming teen vermorsing van water bied ✓✓
- Dit gronderosie voorkom ✓✓
- Dit klimaatsveranderinge verminder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE lidlande van die SAOG-streek.**

- Angola ✓
- Botswana ✓
- DRK ✓
- Lesotho ✓
- Madagaskar ✓
- Malawi ✓
- Mauritius ✓
- Mosambiek ✓
- Namibië ✓
- Seychelles ✓
- Suid-Afrika ✓
- Swaziland ✓
- Tanzanië ✓
- Zambië ✓
- Zimbabwe ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom hel die gemiddelde vastekoste-kurwe opwaarts van links na regs?**
Want sy waarde neem af vir elke hoeveelheid wat geproduseer word ✓✓
(1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Watter markstruktuur word hierbo voorgestel?**
Volmaakte mark ✓ (1)

4.2.2 **Watter soort wins word aangetoon in bostaande grafiek?**
Normale wins ✓ (1)

4.2.3 **Verduidelik kortliks punt 'e' op die grafiek.**
'n Ewewigspunt waar marginale koste gelyk is aan marginale inkomste ✓✓ (2)

4.2.4 **Verduidelik die helling van die marginalekoste-kurwe.**
Die marginalekoste-kurwe daal aanvanklik skerp afwaarts, styg dan geleidelik opwaarts, want daar is 'n verandering in totale koste ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

4.2.5 **Hoekom is MI en GI gelyk aan mekaar in die grafiek?**
Want die prys is konstant; ekstra inkome word ontvang vir 'n ekstra eenheid (MI) en dis gelyk aan die prys ✓✓
En inkome per eenheid is ook gelyk aan die prys ✓✓
Daarom is marginale inkome gelyk aan gemiddelde inkome ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Noem enige TWEE faktore wat tot die verlies aan biodiversiteit bydra.**

- Verlies aan habit ✓
- Agteruitgang ✓
- Oormatige lading van voedingstowwe ✓
- Lug- en waterbesoedeling ✓
- Oor-uitbuiting en onvolhoubare gebruik van natuurlike hulpbronne ✓

(2 x 1) (2)

4.3.2 **Wat is die hoofoorsaak van klimaatsverandering?**
Aardverwarming ✓✓ (2)

4.3.3 **Verduidelik kortliks *bruin* omgewingskwessies.**
Bruin omgewingskwessies fokus op die verstandhouding dat sosiale kwessies nie van die omgewing geskei kan word nie ✓✓ (2)

4.3.4 **Hoe beïnvloed klimaatsveranderinge die ekonomiese omgewing?**

- Verlies aan habitatte en biodiversiteit het 'n negatiewe invloed op die toerisme-sektor want toeriste word gelok deur die skoonheid van die natuur en inheemse plante ✓✓
- Die landbousektor word negatief beïnvloed want droë seisoene raak langer en nat seisoene begin laat ✓✓
- Die vervaardiging van hout neem af want woude kan geheel en al verlore raak ✓✓

(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks die SMART-beginsel om doelwitte vir besighede te ontwerp.**

- Spesifiek: Die idee moet geïdentifiseer en verstaan word, bv. die besigheid moet die mees winsgewende in die land word ✓✓
- Meetbaar: Dit moet moontlik wees om te toets of te meet of die doelwitte bereik is. bv. vir 'n besigheid om sy doelwit te bereik, moet dit 'n wins van R5 000 'n maand behaal ✓✓
- Haalbaar: Alle partye moet saamstem oor die voorgestelde doelwit ✓✓
- Relevant: Die doelwit moet binne die bereik van die besigheid wees, bv. die besigheid moet by magte wees om die vereiste wins te realiseer ✓✓
- Tyd spesifiek: Daar moet 'n tydsbeperking wees waarbinne die doel bereik moet word, bv. die besigheid moet die mees winsgewende wees binne 'n periode van vyf jaar ✓

(Enige 4 van bogenoemde) (4 x 2) (8)

4.5 **Hoe sal Suid-Afrika voordeel trek uit integrasie met ander ekonomieë?**

Suid-Afrika sal voordeel trek uit die volgende:
- Verlaging in die koste van handel ✓✓
- Verbeterde beskikbaarheid van ’n wyer verskeidenheid van goedere en dienste ✓✓
- Verbetering in werksgeleenthede ✓✓
- Die mark neig om uit te brei, wat lei tot die deel van tegnologie en die vloei van investering oor grense heen ✓✓
- Politieke samewerking tussen lidlande lei tot sterker ekonomiese bande ✓✓

(Aanvaar enige korrekte toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ŉ Goeie begin sal wees om die begrip of sleutelwoord wat in die vraag gebruik word, te definieer.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige gedeelte van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:**<br>Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek / Bespreek krities /Ontleed/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer / Debatteer<br>**Addisionele gedeelte:**<br>Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer | Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende behoort in te sluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is / ontleed sonder om reeds genoemde feite, in die inhoud, te herhaal<br>• ŉ Mening of waarde- oordeel oor die bespreekte feite<br>• Addisionele ondersteunende inligting om bespreking te versterk / ontleding<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek soorte pryselastisiteit van vraag, met behulp van grafieke met volledige byskrifte.** (26)


- **Watter redes sal jy verskaf vir die reaksie van verbruikers tot prysveranderinge?** (10)

**INLEIDING**

Pryselastisiteit van vraag meet tot watter mate verbruikers reageer of hoe sensitief hulle is vir prysveranderinge. Reaksie van hoeveelheid aangevra tot 'n verandering in prys. (Aanvaar enige ander korrekte en toepaslike inleiding) (2)


**INHOUD**

**Volmaak elastiese vraag** ✓





Die kleinste % verandering in prys lei tot 'n oneindige % verandering in hoeveelheid gevra. ✓✓
Word ook na verwys as oneindige elastisiteit. ✓✓
Die pryselastisiteit van vraag is ∞.✓✓ (5)

**Volmaak onelastiese vraag ✓**





- Die vraag toon geen reaksie op prysveranderinge nie ✓✓
- Die pryselastisiteit van vraag is nul ✓✓
- Dit beteken 'n prysverandering sal lei tot geen verandering in die hoeveelheid wat verbruikers aanvra nie ✓✓ (5)

**Eenheid-elastisiteit vraag ✓**





- Vind plaas wanneer 'n spesifieke % verandering in prys lei tot presies dieselfde % verandering in hoeveelheid aangevra ✓✓
- As 'n prys styg met 10%, sal hoeveelheid aangevra ook met 10% styg ✓✓
- Die waarde van elastisiteit is gelyk aan een ✓✓ (5)

**Relatief elastiese vraag ✓**




- Vind plaas wanneer 'n klein % verandering in prys, lei tot 'n groter % verandering in hoeveelheid aangevra ✓✓
- Pryselastisiteit is groter as een, maar kleiner as oneindig ✓✓
- Om inkome te verbeter, behoort pryse verlaag te word ✓✓ (5)

**Relatief onelastiese vraag ✓**




- Vind plaas wanneer hoeveelheid gevra nie so sterk op veranderinge in prys reageer nie ✓✓
- Pryselastisiteit is minder as 1 maar groter as 0 ✓✓
- Om inkome te verbeter, moet pryse styg ✓✓ (5)

**(Maks. 8 punte indien slegs genoem en voorbeelde gegee)**
**(Maks. 5 punte indien slegs genoem en voorbeelde gegee)** (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
**Watter redes sal jy verskaf vir die reaksie van verbruikers tot prysveranderinge?**

- Die beskikbaarheid van naby substitute: indien 'n naby substituut beskikbaar is, sal die vraag na 'n produk baie elasties wees, want verbruikers sal verkies om die substituut te koop.✓✓
- Die vraag na noodsaaklike produkte soos basiese voedselsoorte, medisyne en elektrisiteit is prysonelasties omdat dit benodig word vir oorlewing. ✓✓
- Verbruikers reageer maklik op prysstyging vir duursame goedere, want duursame goedere hou vir 'n lang tydperk, besteding kan uitgestel word. ✓✓
- As pryse daal, sal verbruikers vinnig wees om die produk te koop want hulle beskou dit as 'n winskoop. ✓✓
- Veranderinge in prys van gewoontevormende produkte sal nie 'n invloed hê op die hoeveelheid aangevra nie. ✓ ✓
- Verbruikers is sensitief vir prysveranderings indien 'n produk vir 'n langer periode gebruik kan word. ✓✓
- As 'n produk slegs een moontlike gebruik het, sal verbruikers meer sensitief wees wanneer die prys styg.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (10)

**SLOT**

Dit is belangrik vir produsente om kooppatrone van verbruikers te bestudeer en dienooreenkomstig te beplan ✓✓

(Aanvaar enige toepaslike hoër-orde slot) (2)
**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek die oorsake van armoede in detail.**
- **Was Suid-Afrika suksesvol in sy probeerslae om die uitdagende kwessies van armoede aan te spreek?**

**INLEIDING**
Armoede is wanneer dit nie vir mense moontlik is om in hulle basiese behoeftes te voorsien nie en hul lewenspeil is laag. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike inleiding) (2)

**INHOUD**
**Werkloosheid** ✓
Sonder ’n ordentlike inkome kan mense nie hulle basiese behoeftes bevredig nie. Arm mense steun swaar op bestaansboerdery vir ’n lewe. ✓✓

**Onvoldoende infrastruktuur** ✓
Groot plattelandse gebiede en hul ongelyke verspreiding maak dit duur om voldoende infrastruktuur te voorsien; ✓✓ dit is ’n hoofoorsaak van armoede in Suid-Afrika. ✓✓
Die volgende moet verbeter word: vervoerstelsels en inligtingstegnologie nodig wat om besigheid te doen, skoon water en sanitasie, energie en stedelike ontwikkeling ✓✓

**Swak gesondheidstoestande:** ✓
Siektes verminder die hoeveelheid werk wat swak of siek mense kan doen, dit verlaag hulle inkome en dryf hulle dieper in armoede in. ✓✓
Siektes soos MIV en Vigs kan dood veroorsaak en dit sny die hoofbron van inkome af vir die gesin. ✓✓
Hoë mediese kostes wat baie arm families nie kan bekostig nie ✓✓

**Gebrek aan onderwys:** ✓
Dit verhoed mense om ordentlike werk te kry wat hulle en hulle families uit armoede sal lig. ✓✓
’n Gebrek aan onderwys vergroot die gaping tussen vaardighede wat die ekonomie benodig om in daardie behoeftes te voorsien**.** ✓✓

**Hoë bevolkingsgroei:** ✓
Groot aantal mense met te min hulpbronne, te min werksgeleenthede en nie genoeg kos nie, is basiese oorsake van armoede. ✓✓
Oorbevolking lei tot ’n agteruitgang van die natuurlike omgewing, insluitende waterbronne, grond en woude. ✓✓

**Welsynsafhanklikheid:** ✓
Sosiale toelaes kan dien as ’n afskrikmiddel vir mense om te werk of werk te soek. ✓✓
Sommige mense verkies om van toelaes te lewe en so hulle basiese behoeftes te bevredig en so bly armoede voortbestaan. ✓✓

**Wanfunksionerende regering:** ✓
Baie ontwikkelende lande het hulle eie ongeluk bewerkstellig, omdat hulle dikwels onstabiel en korrup is. ✓✓
Hulle respekteer en eer nie altyd die begroting, prosedures en protokolle nie.✓✓
Swak demokrasie versteur die toekenning van hulpbronne, wat lei tot nie-dienslewering, mense ontvang nie basiese behoeftes nie.✓✓

Kopiereg voorbehou 

**Oorlog en konflik:** ✓
’n Groot gedeelte van vandag se globale armoede word aangetref in oorlog verskeurde lande en lande waar konflik heers. ✓✓
Geld word dikwels vermors op wapens. Onderwys word ontwrig, wat lei tot meer armoede ✓✓

**Gebrek aan produktiewe hulpbronne:** ✓
In arm lande is daar nie genoeg produktiewe hulpbronne om volhoubare lewensbestaan te verseker nie ✓✓
Menslike kapitaal is laag a.g.v. honger, siektes en lae geletterdheidsvlakke. ✓✓
Natuurlike hulpbronne neem af, omdat bome afgesaag word en grond uitgeput word. ✓✓
Kapitaal is nodig vir toekomstige investering, maar ’n gebrek aan besparing maak dit onmoontlik. ✓✓
Arm landelike nedersettings benodig teerpaaie, kragopwekkers, besproeiingskanale, trokke, ens. ✓✓
Entrepreneurskap bestaan nie, a.g.v. ’n gebrek aan opleiding en vaardigheidsontwikkeling ✓✓

**Globale finansiële krisis** ✓
Arm lande het nie genoeg geld vir investering nie, wat belangrik is vir ontwikkeling en groei. ✓✓
Ekonomiese groei word nie regverdig verdeel nie en die ekonomiese krisis vergroot verder die gaping tussen ryk en arm. ✓✓
Stygende voedselpryse, vorm gedeeltelik nuwe biobrandstof beleide, wat lei tot hongerte vir baie mense en dit vererger globale armoede ✓✓

**Verstedeliking en geforseerde hervestiging** ✓
Migrasie binne ’n land lei dikwels tot armoede. ✓✓
Sommige mense wat in landelike gebiede bly, verkies om na stede te trek, want hulle sien min moontlikhede om ’n inkome in die landelike gebiede, vêr van markte, te verdien. ✓✓ Soms word mense geforseer om te trek om plek te maak vir ontwikkelingskemas. ✓✓
In beide gevalle, word mense dikwels gedwing om in informele nedersettings op die rand van stede te bly. ✓✓

**(8 punte indien slegs genoem en voorbeelde gegee )** (26)

## ADDISIONELE GEDEELTE

**Was Suid-Afrika suksesvol in sy pogings om die uitdagende kwessies van armoede aan te spreek?**

Die regering was suksesvol op die volgende maniere:
Die aantal begunstigdes van sosiale toelaes het drasties toegeneem ✓✓
Die regering het probeer om baie skole te bou ten einde die ongeletterdheidsvlakke te verlaag ✓✓
Die nuwe voorgestelde nasionale ontwikkelingsplan, met die doelwit om armoede uit te roei en ongelykheid te verminder teen 2030 ✓✓
Toegang tot water en formele behuising het gestyg van 63,5% tot 79,8% ✓✓
Die meeste mense het toegang tot elektrisiteit ✓✓
Die regering het ook 'geen fooi' skole, voedingskemas en ook vervoer na skole, ingestel ✓✓

<u>Negatiewe:</u>
Swak gesondheid en werkloosheid is steeds 'n probleem ✓✓
Die land benodig meer skepping van werksgeleenthede. bv. KMMO's. Klem moet op goeie leierskap geplaas word ✓✓ (10)

**SLOT**
Die Suid-Afrikaanse regering het probeer om armoede te verlig, maar daar is nog steeds baie wat gedoen kan word. ✓✓
(Aanvaar enige toepaslike slot) (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou